



BESTEK	
Ou Testament	Josua 1-4
Nuwe Testament	Lukas 1-2
Les	Les 1- 9

Afdeling A – Josua 1-4

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die *antwoordstel*:

- 1.1 Israel moes trek deur die _____. (Jos. 1:2)
a) Nyl b) Jordaan c) Skelfsee d) Eufraat
- 1.2 Die Here sou met Josua wees soos Hy met _____ was. (Jos. 1:5)
a) Moses b) Aäron c) Kaleb d) Dawid
- 1.3 Die wetboek van Moses mag nie vergeet word nie en moes _____ oordink word. (Jos. 1:8)
a) soms b) altyd c) slegs soggens d) slegs saans
- 1.4 Oor hoeveel dae sou Israel deur die Jordaan trek? (Jos 1:11.)
a) twee dae b) drie dae c) vier dae d) vyf dae
- 1.5 Voltooi: Elke man wat teen u bevel wederstrewig is en na u woorde nie luister met betrekking tot alles wat u ons sal beveel nie, moet _____ word... (Jos. 1:18)
a) voor gebid b) gesmeek c) gedood d) geprys
- 1.6 Josua was die seun van _____. (Jos. 2:1)
a) Aäron b) Moses c) Kaleb d) Nun
- 1.7 Hoeveel verkeners het Josua na die land en Jerigo uitgestuur? (Jos. 2:1)
a) vyf b) drie c) twee d) twaalf
- 1.8 Die verkeners het tuisgegaan by _____ in Jerigo. (Jos. 2:1)
a) Maria b) Ragab c) Josef d) Vasti
- 1.9 Die vrou het die verkeners _____ op haar huis se dak. (Jos. 2:6)
a) weggesteek b) laat wag c) gevange gehou d) laat slaap
- 1.10 Die dienaars van die koning het die Israelietiese mans agternagejaag in die rigting van die _____. (Jos. 2:7)
a) Nyl b) Jordaan c) Eufraat d) Groot see

Vraag 2 Vul ontbrekende woord op die *antwoordstel* in:

inwoners, gegee, Skelfsee, gesmelt, Egipte, lyn, hemel, weggegaan, afsak, drie

- 2.1 Ek weet dat die Here die land aan julle **A** het en dat die skrik vir julle op ons geval het en dat al die **B** van die land vir julle bewe... (Jos. 2:9)
- 2.2 ...ons het gehoor dat die Here die water van die **C** voor julle by julle uittoeg uit **D** laat opdroog het... (Jos. 2:10)
- 2.3 Toe ons dit hoor het ons hart **E**, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; wany die Here Julle God, Hy is God in die **F** daarbo en op die aarde hieronder. (Jos. 2:11)
- 2.4 Daarop het sy hulle met 'n **G** deur die venster laat **H**, want haar huis was in die stadsmuur ingebou... (Jos. 2:15)
- 2.5 Hulle het toe **I** en in die gebergte gekom en daar **J** dae lank gebly... (Jos. 2:22)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 3.1 Ragab se familie sou veilig wees as hulle in haar huis sal wees wanneer Israel Jerigo sou aanval. (Jos. 2:19)
- 3.2 Die rooi lyn in die venster was die teken waar Ragab en haar mense sou wees. (Jos. 2:21)
- 3.3 Die verspieders het in die gebergte vir drie dae gebly totdat die vervolgers teruggegaan het na Jerigo. Daarna is hulle terug na Josua toe. (Jos. 2:22-23)
- 3.4 Die twee verspieders het getuig dat die Here nie die land aan hulle sal gee nie. (Jos. 2:24).
- 3.5 Die priesters het met die verbondsark van die Here vooruit getrek na die Jordaan. (Jos. 3:6)
- 3.6 Wanneer die voete van die priesters, wat die verbondsark dra, in die water staan sal die water ophou vloei en stilstaan van die bokant af. (Jos. 3:13)
- 3.7 Die hele Israel het op droë grond deur die Jordaan getrek. (Jos. 3:17)
- 3.8 Twaalf manne het vanuit die middel van die droë rivier elkeen 'n klip geneem en dit op 'n stapel geplaas as gedenkteken. (Jos. 4:4-6)
- 3.9 Dit was nie nodig dat die kinders hierdie dag moes onthou in die geskiedenis van Israel nie. (Jos. 4:6-7)
- 3.10 Omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was het voor die aangesig van die Here deurgetrek om te veg. (Jos. 4:13)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Wat was die naam van die stad waar Ragab die verspieders beskerm het. (Jos. 2:1)
- 4.2 Wie was die leier wat na die dood van Moses Israel verder gelei het? (Jos. 1:1)
- 4.3 Wat moes nie uit die mond en gedagtes van Israel verdwyn in die beloofde land nie. (Jos. 1:8)
- 4.4 Josua was die seun van _____. (Jos 2:1)
- 4.5 Wat was die boodskap van die verspieders aan Josua? (Jos. 2:24)

35 Punte**Afdeling B – Lukas 1-2****Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 5.1 In die dae van koning Herodes was daar 'n priester met die naam van _____. (Lk. 1:5)
a) Sagaria b) Abjater c) Jesaja d) Johannes
- 5.2 Wat het aan Sagaria verskyn terwyl hy die reukoffer by die tempel hanteer het? (Lk. 1:11)
a) die hoëpriester b) 'n engel c) 'n lig d) 'n nuwe boek
- 5.3 Wat moes die naam van Elisabet se seun wees? (Lk. 1:13)
a) Matteus b) Markus c) Johannes d) Lukas
- 5.4 Hy mag geen wyn en _____ drink nie. (Lk. 1:15)
a) lemoensap b) bier c) druiwesap d) sterk drank
- 5.5 Elisabet se seun sou baie van die kinders van Israel _____. (Lk. 1:16)
a) bekeer tot die Here hulle God b) lei in versoeking
c) wys wat om te doen d) wys dat hy nie belangrik is nie
- 5.6 Elisabet se seun sal in die gees van die profeet _____. (Lk. 1:17)
a) Elisa b) Elia c) Esegïël d) Jeremia
- 5.7 Wat was die naam van die boodskapper van God wat aan Sagaria verskyn het? (Lk. 1:19)
a) Daniël b) Emmanuel c) Gabriël d) Jerobeam
- 5.8 Wat sou Sagaria nie kon doen tot sy seun gebore was nie? (Lk. 1:20)
a) praat b) sing c) loop d) hardloop
- 5.9 Die engel Gabriël het in 'n stad met die naam van _____ verskyn aan Maria. (Lk. 1:26-27)
a) Galilea b) Jerigo c) Jerusalem d) Nasaret
- 5.10 Wat het Maria by God gevind deur die boodskap aan haar gedeel. (Lk. 1:30)
a) vreugde b) vrede c) genade d) leed

Vraag 6 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

Allerhoogste, Jesus, Jakob, koninkryk, Dawid, geluid, seun, skryfbordjie, kindjie, Johannes

- 6.1 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar en jy moet Hom A noem. (Lk. 1:31)
- 6.2 Hy sal groot wees en die Seun van die B genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader C gee. (Lk. 1:32)
- 6.3 ...Hy sal koning wees oor die huis van D tot in ewigheid, en aan sy E sal daar geen einde wees nie. (Lk. 1:33)
- 6.4 ...Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n F ontvang in haar ouderdom... (Lk. 1:36)
- 6.5 Want kyk, toe die G van jou groet in my ore klink, het die H in my skoot van vreugde opgespring.
- 6.6 Hy vra toe 'n I en skryf: J is sy naam. (Lk. 1:63)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Sagaria het gesing in sy lofsang dat Johannes 'n profeet van die Allerhoogste genoem sal word. (Lk. 1:76)
- 7.2 Johannes was in die woestyne tot die dag dat hy aan Israel bekend geword het. (Lk. 1:80)
- 7.3 Keiser Augustus het bevel gegee dat almal ingeskryf moes word en so sou hulle deel wees van die volkstelling. (Lk. 2:1)
- 7.4 Josef het opgegaan na Jerusalem vir die volkstelling omdat hy uit die stam van Juda was. (Lk. 2:4)
- 7.5 Josef was aan Maria verloof. (Lk. 2:5)
- 7.6 Daar was genoeg plek in die herberg waar Jesus gebore is. (Lk. 2:7)
- 7.7 Die herders het in die nag oor hulle skape wag gehou. (Lk. 2:8)
- 7.8 Die herders sou as teken die kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê. (Lk. 2:12)
- 7.9 Jesus is op die agste dag besny. (Lk. 2:21)
- 7.10 Simeon sou nie sterf voor hy nie die Christus gesien het nie. (Lk. 2:26)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Hoe oud was die kind Jesus toe hy na die paasfees, sonder dat sy ouers dit geweet het, in Jerusalem agtergebly het? (Lk. 2:42)
- 8.2 Wat was die naam van die seun van Sagaria en Elisabet? (Lk. 1:5-25)
- 8.3 In watter stad is Jesus gebore, wat bekend staan as die stad van Dawid? (Lk. 2:4)
- 8.4 Voltooi: Eer aan _____ in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehag! (Lk. 2:14)
- 8.5 Wat is die streek waar Josef en Maria gewoon het? Is Nasaret in Judea of Galilea? (Lk. 2:39)

35 Punte

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Die gereformeerde belydenisskrifte word die drie formuliere van eenheid genoem. (Les 1)
- 9.2 My enigste troos in lewe en sterwe word in en deur myself gevind. (Les 2)
- 9.3 Die sonde begin met 'n gedagte, later word dit gehoor en gesien. (Les. 3)
- 9.4 Die mens kan die wet van God ten volle gehoorsaam wees. (Les 4)
- 9.5 God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. (Les 5)
- 9.6 Elke mens het voor die sondeval 'n ware kennis van God gehad. (Les 5)
- 9.7 Die mens het elke dag die begeerte om net goed te doen. (Les 6)
- 9.8 Omdat God 'n God van liefde is, sal alle mense uiteindelik gered word. (Les 7)
- 9.9 Slegs Jesus Christus kon en het die skuld van sonde betaal. (Les 8)
- 9.10 Een sondaarmens kan vir 'n ander sondaarmens se sondeskuld betaal. (Les 9)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

**Regverdig; toorn; God; tydelike straf; ongehoorsaam; prys; gekoop; aangetas;
Jesus Christus; suiwer leer**

- 10.1 Die doel en waarde van die belydenisskrifte is om die A van die Bybel te verdedig en alle dwaalleer te bestry. (Les 1)
- 10.2 Jy behoort aan Jesus Christus omdat Hy jou B het. (Les 2)
- 10.3 Alles van die mens is deur die sonde C. (Les. 3).
- 10.4 Sonde is om D aan God te wees. (Les 4)
- 10.5 God het die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskape, sodat die mens sy Skepper kan E. (Les 5)
- 10.6 Die beeld van God wat deur die ongehoorsaamheid van die eerste Adam in ons vernietig is, kan deur F in die mens deur die werking van die Heilige Gees herstel word? (Les 5)
- 10.7 Die wedergeboorte word deur G in die hart van die mens gewerk. (Les 6)
- 10.8 Reeds in hierdie lewe ondergaan mense straf op die sonde deur baie ontberings, pyn, lyding, verwydering, wroeging en ellende. Dit is die H waarvan die Heidelbergse Kategismus praat. (Les 7)
- 10.9 God is liefdevol, I en barmhartig. (Les 8)
- 10.10 Geen sondaarmens kan standhou voor die J van God oor die sonde nie. (Les 9)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Wat beteken dit om iets te bely? (Les 1)
- 11.2 Wie is jou getroue Saligmaker? (Les 2)
- 11.3 Wat doen 'n sondaar mens as hy/sy (deur die Woord en Heilige Gees) tot bekering kom? (Les 3)
- 11.4 Waaruit ken die mens sy ellende (sonde)? (Les 4)
- 11.5 Wat beteken dit dat die mens voor die sondeval geregtigheid besit het? (Les 5)
- 11.6 Het babatjies sonde? (Les 5)
- 11.7 Aan wie het Jesus die wedergeboorte verduidelik? (Les 6)
- 11.8 Wat is die loon van die sonde (Romeine 6:23)? (Les 7)
- 11.9 Waarna kan jy kyk om te weet of jy God werklik liefhet? (Les 8)
- 11.10 Wie is ons enigste Middelaar? (Les 9)

30 Punte

Totaal: 100 Punte